

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

NR. 145, Okt. 1979

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

## **God Kies Sy Kinders Uit!**

*Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus  
Christus wat ons geseën het met alle  
geestelike seëninge in die hemele  
in Christus, soos Hy  
ons in Hom uitverkies het voor  
die grondlegging van die wêreld om  
heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees.*

**(Efesiërs 1:3 en 4)**

## **Haat God u?**

### **'N VERSKRILIKLIKE DING.**

Hoe weet u of God u nie dalk haat nie? Dit is 'n verskrilike ding om aan te dink. God het byvoorbeeld vir Esau gehaat. En Esau was Jakob se broer. Jakob het Hy liefgehad!

Lees maar Romeine 9:13.

En dan lees u boonop: "...dat die voorneme van God volgens die uitverkiesing kon bly staan, nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep..." (Rom. 9:11).

Dit is die leer van die uitverkiesing. Inderdaad 'n harde leer vir die menslike oordeel. Arme Esau!

### **GOD SE BESKIKKING.**

Kortweg: God kies sy kinders uit. Die saligheid hang dus nie van ons eie keuse af nie. Trouens, ons kan nie eers uit eie beweging na God toe gaan nie. In Johannes 15: 16 lees ons: "Julle het My nie uitverkies nie — maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te dra."

Lees u nog?

Goed so, want u het nou maar nog net die een kant van die saak gehoor, die kant van die goddelike beskikking. Daar is ook 'n ander kant: Die kant van die menslike verantwoordelikheid.

Ook uit die Bybel: "Werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae" (Fil. 2:12, 13).

U sien, ú verantwoordelikheid? Dááror moet u u kwel!

### **DIE "ARME" ESAU?**

Kyk nou weer na Esau.

"Die arme Esau" wou u netnou sê, "God het hom nou eenmaal net nie uitverkies nie. En wat hy met watter goeie bedoelings ook wou doen, dááaraan kon hy eenvoudig niks verander nie."

Nee, my vriend. U weet nog nie genoeg van Esau nie. Ek sal u meer van daardie man vertel. Hy het sy eergeboortereg verag - dit vir 'n pot lensiesop verkwansel. Die konsekwensies van hierdie daad is: Bespottling van sy volkstradisie, veragter van God se genade, verbreker van die Verbond met God. Hy het nie geleer dat God se weldade uit genade geskenk word nie. Hy het God se seën as vanselfsprekend aanvaar. Hy was immers die eersgeborene, die bevoorregte, die sterkere. Omdat hy geen erg het aan die Verbond met God nie, neem hy vir hom toe twee heidense vroue. Judit en Basmat, twee Hetiete wat vir sy ouers (Isak en Rebekka) "'n bittere verdriet" was, lees ons in die Bybel. Esau was 'n hoereerder, 'n verbondsbreker, 'n woestaard sonder God en sonder deernis. Nie "arme Esau" nie!

### **GOD SE HAAT.**

Nee waarlik, Esau het van sy kant af voluit God se haat verdien! Hy moet immers die verantwoordelikheid vir sy optrede dra, nie waar nie?

Ek hoef nie eers te vra nie, ek weet: U verdien óók God se haat. Miskien nie heeltemal so erg as Esau nie, maar tóg.

U weet, Jakob het óók God se haat verdien. Hy was 'n bedrieër. Sy naam sê dit. En tog het God hom liefgehad!

### **GOD SE LIEFDE.**

Dit weet ons nie. Ons weet net dat Jakob hoegenaamd nie God se liefde verdien het nie. Dat God hom liefgehad het, is sy genade. Dit is wat genade is.

En u? Hoe weet u nie of God u nie dalk sy genade wil skenk nie? Moet u nie waaragtige erns begin maak met God se roepstem wat daagliks op soveel maniere na u toe kom nie?

Doen dit haastig! Dis nou nog nie te laat nie! Want wie weet - dalk hét God u lief!

*Ds. Neels Smit.*

## ***Hoe weet ek of God my lief het?***

### **BLYE SEKERHEID.**

God laat sy kinders nooit in die war nie! Daarvoor skenk Hy sy Heilige Gees aan ons om ons te verseker, ons te vertroos, ons gerus te stel. Die Evangelie is vol daarvan. "Evangelie" beteken mos nie verniet "Blye Boodschap" nie! Het u dit geweet?

Jy hoef eenvoudig nie te twyfel of jy 'n Esau en of jy 'n Jakob is nie.

### **ENIGSTE GROND: JESUS CHRISTUS!**

Maar nou moet jy nie half-verontskuldigend kom sê dat jy nog nooit 'n "besondere ervaring" of 'n buitengewone gevoel" oor hierdie sake ondervind het nie. Nee, my vriend jy' beërf 'nie die ewige heerlijkheid op grond van 'n "besondere ervaring" of 'n buitengewone gevoel" nie! Jy beërf die saligheid slegs op grond van Jesus Christus se sterwe vir jou in jou plek. Op Golgota het die mensdom van Hóm die sondebok gemaak aan 'n ruwe houtkruis! Daar het Hy namens ons die straf van God vir óns sondes verduur! Die skuld wat ons by God het, omdat ons van nature eerder met die duiwel se kapitaal werk wat hy van God gesteel en vervorm het, word eenvoudig vir ons afgeskryf. En daarmee word ons valse, eiewillige verpligting teenoor Satan deurbreek. Ons is uit sy roofdiërlou ontworstel! En die aaklige letsels van sondeverminking wat die resultaat is van die greep van Satan, word uit ons lewens weggevee.

### **DIE VRAAG: HOE?**

Maar nou: Waar kry jy hierdie sekerheid?

Sekerlik deur die Heilige Gees wat God as Trooster vir ons gee. Nie deur spesiale influisteringe, besondere drome of gevoelsopwellinge nie!

Hoe dan? Deur in jou eie lewe op die vrugte van die Heilige Gees te let! (Die gevolge van sy werkinge in jou.) Kom ons kyk na 'n paar aanduidings:

- 1 Glo jy in Christus? Glo jy dat Hy vir jou sondes aan die kruis van Golgota betaal het?
- 2 Vrees jy God? Sy oordeel, sy kóms?
- 3 Het jy in jou hart 'n droefheid oor jou sonde? Nie omdat jou sonde gevolge baar wat jouself in die langeduur gaan skaad nie, maar omdat God daardeur vertoorn is? (Jy weet: Daar is 'n verskil tussen spyt en berou. Judas was byvoorbeeld spyt dat hy Christus verrai het - en hy het selfmoord gepleeg. Koning Dawid weer was berouvol oor wat hy God aangedoen het met die moord en owerspel wat hy gepleeg het - en hy het genade by God gevind.)
- 4 Glo jy aan die heerlike beloftes wat God aan sy kinders gee? Die beloftes vir 'n nuwe beter lewe - aan die ander kant van die graf? Selfs 'n nuwe aarde en 'n nuwe hemel waar daar nooit meer verskeurdheid en verbokkeling sal wees nie.

### **BY JOU VERBY?**

Nou goed, miskien sê jy dat hierdie dinge totaal by jou verbygaan; dat dit jou volkome koud laat.

Kan dit werklik so wees? En jy is steeds besig om hier te lees?

Aikôna dit laat jou nie koud nie! Hierdie dinge gaan jou nie verby nie. Dit glo ek nie! Jou probleem is: Jy probeer by hierdie dinge verbyskuur. Maar oppas! Dit doen 'n mens nie sonder om jou hierteen te stamp nie. Niemand loop straffeloos verby die kruis van Jesus Christus nie!

### **MAAK 'N BEGIN!**

Jy moet ernstig daaraan dink om van 'n kant af te begin. Begin by jou Bybel. (God se Heilige Gees werk deur die Bybel.) En gaan kerk toe. (Die erediens is die Heilige Gees se "werksbank", deur die prediking.) Begin hier! Eers dan sal die sekerheid kom waarna jy smag, die sekerheid dat jy nie 'n Esau is nie; die groeiende sekerheid dat God jou liefhet soos wat Hy Jakob liefgehad het.

*Ds. Neels Smit.*

## ***Hoe kan die Uitverkiesingsleer jou troos?***

### **VALSE ARGUMENT.**

Het jy al die argument gehoor: "As iemand reeds deur God uitverkies is, kan hy lewe soos hy wil, hy kom tog in die hemel"? En die keersy; "As iemand nie uitverkies is nie, kan hy probeer wat hy wil, dit sal alles niks help nie. Sy naam is eenvoudig net nie opgeskryf nie."

Dit is 'n verwarrende argument. Dit is 'n valse argument. Die punt is: 'n Uitverkorene (d.w.s. 'n gelowige) leef elke dag by die genade van God; hy leef in die greep van die Heilige Gees -- hy kan nooit meer leef soos wat hy wil nie. En die keersy: Iemand wat nie uitverkies is nie (d.w.s. 'n ongelowige, 'n verworpene) sal eenvoudig nie die minste kommer oor die hiernamaals hê nie; só 'n mens sal eenvoudig lewe soos wat hy wil, totaal prysgegee aan sy eie wil.

### **'N ANDER STANDPUNT.**

In die plek daarvan stel ons 'n ander standpunt. Die standpunt: Die gelowige mens wat iets van God se uitverkiesende genade begryp, is 'n ryklik getrooste mens.

Wat beteken troos anders as om iets terug te ontvang wat jy verloor het, iets baie kosbaars; iets wat jy as onvervangbaar ag?

Dit is presies wat in God se Uitverkiesingsplan verwerklik word. Die ewige heerlikheid wat ons deur ons eie sonde verloor het, word nou deur Christus aan ons teruggegee.

### **NIE JYSELF NIE!**

En verder: Jy hoef nie self "na die hemel toe op te klim" om hierdie dinge te verwerklik nie! Jy hoef nie self tevergeefs te probeer om die onmoontlike, moontlik te maak nie! (Soos wat Esau gemeen het hy kan.) Nee, my vriend, jy het dit alles sonder dat dit van jou toedoen afgehang het. Soos iemand wat onverdiend uit die bloute hoor dat hy 'n erfenis ontvang het!

### **'N HEERLIKE ERFENIS!**

Gaan lees dit in Psalm 16:5: "Die Here is die deel van my *erfenis*. "

Ja kan nie vra om te erf nie. Die Eienaar bepaal self wie van Hom erf. Soos wat 'n kindjie al klaar sy ouers se erfgenaam is, lank voordat hy dit verstaan, so is die kleinste kindertjies van gelowige ouers ook erfgename van hulle geloof. Soos wat 'n Afrikaner sy kind vanselfsprekend Afrikaans grootmaak, so maak 'n gelowige sy kind tog allereers in die geloofserfenis groot!

### **JOU VERANTWOORDELIKHEID**

Het jy in hierdie erfenis gebly, al was dit nog skaars selfs by jou oupa en ouma sigbaar? Dit bly nog jou erfenis! Of het jy deur onversigtigheid van jou erfgoed swerfgoed gemaak? Sou 'n mens op dié pad volhard, sou die uitverkiesingsleer vir jou 'n oneindige bron van verskrikking word.

Maar as jy met die ernstige voorneme na God toe terugkeer om jou erfenis weer in ontvangs te neem, dan sal jy ook dié troos ervaar. *Hierdie dinge is waar, onwrikbaar wáár.*

### **JOU TROOS.**

Soos elke erfenis is ook hierdie erfenis testamentêr bepaal. Daar het jy jou sekerheid. Dit staan geskrywe. Dit is onveranderlik. Jy is ryk! Skatryk geërf!

Waak dan met alle mag daarteen dat die erfenis jou oordeel word!

*Ds. Neels Smit*

### **'n Miskraam, en dan?**

Uit die voorafgaande artikels in hierdie blaadjie het jy nou al agtergekom hoe 'n mens tot sekerheid van jou uitverkiesing kom. In kort beteken dit: As jy glo dal Jesus Christus vir jou sonde gesterf het, dan is jy uitverkies.

Maar wat word van 'n kind wat stert' voordat hy tot sy verstand gekom het en kon glo in Jesus Christus se soendood? Wat gebeur met 'n miskraam? Is daardie kind noodwendig verlore?

Dit is 'n aktuele vraag.

Met ons moderne mediese wetenskap en al is daar vandag nog soveel kinder sterfgevälle. Of die kind in die moederskoot, in die broeikas, in 'n swembad, of op 'n siek bed sterf, die feit bly: Die ouers van so 'n kind belewe baie rou, moeite en verdriet. En dié vraag kom maar altyd weer terug: Wat het geword van ons kindjie? Is hy salig, of nie?

Miskien is jy ook so 'n worstelende ouer. Miskien dink jy nou: As my kind net al by magte was om te sê: Jesus Christus het ook vir my gesterf aan die kruis, dan was ek meer getroos. Maar my kind was nog maar 'n babatjie. Is daar hoop vir hom?

## WAT SÊ DIE BYBEL?

Ek wil saam met jou na drie Skrifgedeeltes kyk:

1. *Genesis 17:7* waar die HERE aan Abraham sê: "En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou."

Dit beteken: God verbind Hom nie alleen aan Abraham nie, maar ook aan sy kinders en hulle kinders. Ook die kinders is bondelinge. God se belofte geld dus vir Abraham én sy nageslag - vir die gelowige én sy kinders. Wat vir u geld, geld ook vir u kinders. Dit is God se rekenkunde.

2. *In Handeling 2:39* kom dieselfde gedagte na vore: "Want die belofte kom julle toe en *julle kinders* en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom toe sal roep."
3. *1 Korintiërs 7: 14* noem 'n kind van 'n gelowige selfs heilig: "Want die ongelowige man is geheilig deur die vrou, en die ongelowige vrou is geheilig deur die man, want anders sou julle kinders onrein wees, maar *nou is hulle heilig.* "

Die Bybel is dus duidelik oor hierdie saak: Glo ek in die belofte van God, dan geld daardie belofte ook vir my kinders. Dan is my kind net so heilig soos ek; net so skoon gewas; net so aan God verbonde; net so deelgenoot aan die ewige lewe; net so lid van die volk van die Here - al is hy onvolwasse.

## VOORWAARDE VIR HIERDIE TROOS.

Jy voel vanself aan dat 'n mens alleen reg het op hierdie troos, mits jy as ouer waarlik glo. Jy moet eers lid van God se volk wees, voordat jou kinders kan deel in die belofte wat God se volk toekom.

Alleen dan sal jy weet: Dit is God wat my kind in sy prille jeug uit hierdie lewe weggeneem het. Dit is 'n daad van my Vader in die hemel. Ondanks die rou en smart, verlange en eensaamheid, ondanks die hunkering na daardie kindjie wat ek nege maande onder my hart gedra het, ondanks alles, sal ek my mond teen God nie oopmaak nie. Hy het dit in sy raad so besluit tot sy eer en tot my beswil. Soos my uitverkiesing deel is van God se raad, so is ook die dood van my kind deel daarvan.

Omdat ek lid van God se gelowige volk is, geld die belofte van saligheid ook vir my kind. Sy *wegneem* uit hierdie lewe was in der waarheid 'n *inneem* in God se ewige heerlijkheid.

Godsalige ouer, waarom twyfel? Hoor wat sê Jesus in Markus 10:14: "Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God."

Is jy self seker van jou verkiesing? Moet dan nie twyfel aan die uitverkiesing en saligheid van jou kind wat God wegneem nie.

## **TOESTAND IN DIE HEMEL.**

Hoe lyk jou baba in die hemel? Sal hy daar kennis van Jesus Christus hê?

Daardie kind sal op die nuwe aarde onder die nuwe hemel as *volwassene* saam met jou die Here in volmaaktheid dien. Al het hy, of sy, hier op aarde gesterf as suigeling of in die moederskoot; al was hy of sy onderontwikkeld, verstandloos of gebreklik, in die hemel word hulle *regstreeks* in die kennis van Jesus Christus ingelei.

Hoe die proses van onderwys en ontwikkeling in die hemel presies geskied, weet ons nie. Laat dit gerus aan die Here oor by wie alles moontlik is. Laat jy en ek by die aanskoue van soveel troos en majesteit saam met die Psalmdigter bely:

"Hoe kosbaar is dan vir my u gedagtes, o God! Hoe geweldig is hulle volle som nie" (Ps. 139:17).

*Ds. Thinus du Plessis.*

## **Spore in die *modder*.**

### **WAT DINK U VAN DIE MENS?**

Wat het oorgebly van die pronkstuk wat God oorspronklik gemaak het? Het daar van die goeie eienskappe wat hy ontvang het, totaal niks oorgebly nie, of is die mens darem basies goed?

Kom ons stel die vraag anders: Kan 'n mens wat niks van God weet nie, ook goed doen? Doen 'n ateïs net kwaad?

U antwoord dadelik: Nee! Kyk maar na die praktyk: 'n Heidense moeder kan haar kind met net soveel liefde grootmaak as 'n gelowige. 'n Ateïs kan baie vir liefdadigheid doen. 'n Kommunistiese staat of enige owerheid wat uitgesproke antichristelik is, kan 'n land goed regeer, goeie orde handhaaf, baie ouetehuse en kindertehuse oprig. 'n Ongelowige man kan 'n baie voorbeeldige man en vader vir sy huisgesin wees, ensovoorts.

Het die mens dan na die sondeval sekere goeie hoedanighede oorgehou?

Nee, maar die mens het nie na die sondeval opgehou om *mens* te wees nie. Hy het nie 'n duiwel, 'n dier of kranksinnig geword nie. Hy het mens gebly met 'n menslike wil, maar hy wil nou die verkeerde. Hy behou sy menslike verstand, maar dit is deur die sonde verduister of verblind. Hy behou sy menslike natuur, maar dit neig tot die kwaad. Hy beskik nog oor die geskape vermoë om te glo - al is dit dan vir die heiden in 'n heilige boomstomp.

Hy beskik nog oor iets van 'n onderskeidingsvermoë tussen wat betaamlik en onbetaamlik is — selfs die ongelowige het die ordentlikheid om nie sommer kaal in die strate te loop of sy naaste sommer dood te slaan nie.

Die mens openbaar nog enigsins 'n strewe na deug en uiterlike tug - ook 'n antichristelike staat straf sy burgers wat roof en moor.

Maar is hierdie eienskappe wat basies in elke mens is, oorblyfsels van die beeld van God waarna die mens oorspronklik geskape is? Is dit oorblyfsels van die goeie?

### **SPORE IN DIE MODDER.**

Nee, 'n mens sou hoogstens kon praat van "spore". U het al spore in die modder gesien. 'n Spoor vind mens daar waar iets *was*, en weer verdwyn het. 'n Mense-spoor in die modder is nie "oorblyfsels" van die mens nie, maar 'n *herinnering* dat daar eens 'n mens was.

So is hierdie "oorblyfsels van die goeie" in die mens nie konkrete deeltjies van die beeld van God wat agtergebly het nie, maar *spore wat jou herinner* hoe goed die mens oorspronklik was, spore van 'n eens wonderlike skepsel.

Dit is wat u sien in die heidense moeder wat haar kind liefhet; in die ateïs wat liefdadigheid bewys; in die heidense staat wat orde handhaaf; in die ongelowige man wat 'n goeie vader vir sy huisgesin is.

Spore in die modder. Ligstraaltjies van 'n eens verblindende son. Elke mens wat u sien, is dus nie 'n *loflied* wat sê: Kyk hoe mooi lyk die gevalle sondaar nie, maar eerder 'n *klaaglied* wat herinner: Eens was hierdie skepsel God se pronkstuk.

### **'N BELANGRIKE VRAAG.**

Daar bly een baie belangrike vraag oor: Kan 'n mens met hierdie spore in die modder, met hierdie oorblyfsels van die goeie, 'n sentimeter vorder op die pad na saligheid? Kan jy hierdie klein ligvonkie aanblaas tot 'n vuur van geestelike kennis van God?

Daar was, en is nog steeds, mense wat beweer: Met hierdie oorblyfsels van die goeie gee God elke mens 'n kans om die hemel in te gaan. Die mens moet hierdie oorblyfsels net reg gebruik en ontwikkel en hy bereik geweldige resultate: Hy groei tot saligheid. Gebruik jou kanse reg, en jy sal die hemel ingaan.

As u ook een van die mense is wat so dink, dan het die Bybel vir u slegte nuus.

Op dié manier word geen mens salig nie. Jesaja 64:6: "Ons het almal geword soos 'n onreine, en *al ons geregtighede soos 'n besoedelde kleed*; en ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregtighede het ons weggevoer soos die wind."

Selfs ons beste werke is soos 'n besoedelde kleed, en verdien niks by God nie. Geen mens kan die bietjie goeie hoedanighede wat soos voetspore in sy modderige lewe agtergebly het, omskep en ontwikkel tot so 'n mate dat hy God se hemel kan ingaan nie.

### **GOEIE NUUS.**

U vra: Hoe word 'n mens dan salig as jy dit nie self kan bewerk nie? Dan het die Bybel vir u goeie nuus.

Wat die spore in die modder nie kan doen nie, dit doen God deur die krag van die Heilige Gees en deur die Blye Boodskap dat Jesus Christus, die Seun van God na die wêreld gekom het om te ly en te sterf, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan beërwe (Joh. 3:16).

*Ds. Thinus du Plessis.*



## **IS JY RYK?**

Wanneer is 'n mens ryk? Die Here sê: Om werklik ryk te wees, het jy net een ding nodig: **Die skat van die koninkryk van die hemele.**

In 'n gelykenis vertel die Here Jesus Christus ons meer van hierdie koninkryk van die hemel wat 'n mens so skatryk maak. Hy sê: "Die koninkryk van die hemel is soos 'n skat wat verborge is in die saailand, wat 'n man kry en wegsteek en uit blydschap daarvoor gaan hy en verkoop alles wal hy het, en koop daardie saailand." (Matt. 13:44).

### **DIE KONINKRYK VAN GOD VERBORGE?**

Ja, jy kan hom maklik miskyk. Hoe maklik is die Koning van die Koninkryk nie misgekyk toe Hy op aarde was nie. Min mense het in Jesus Christus van Nasaret, die Koning van die koninkryk van die hemele, raakgesien. Hy is dan gebore in 'n stal. As Hy aspirasies gehad het om koning te word, waarom kies Hy nie vir Hom beter vriende nie? Waarom die treurendes troos, kindertjies seën en gaan hurk by tollenaars en hoere? Waarom maak Hy nie liewer vriende met die politici en vooraanstaandes wat Hom 'n stoot kan gee in sy aspirasies nie? Waarom dra Hy nie 'n purper mantel nie? Waarom het Hy as Koning van die koninkryk van die hemele nie twaalf legioene van engele rondom Hom wat Hom bedien nie?

Ja, die Koning is al misgekyk toe Hy op aarde was, en jy kan Hom en sy koninkryk vandag nog miskyk. God lê nie op straat nie. Min mense maak 'n ophef van Hom, en jy kan maklik oor Nasaret, Betlehem, Golgota, of deur die strate van jou dorp loop sonder om Hom raak te sien.

Die skat is verborge. Waarom? Om twee redes:

1. Omdat dit dan mode sou wees om christen te wees. Dan sou dit vanselfsprekend gewees het om aan die kerk te behoort. Elkeen sou dan 'n aanhanger wou wees van hierdie groot Koning, maar sonder 'n persoonlike geloofsverhouding met Hom. 'n Doopseël in jou sak sou dan van jou 'n burger van die koninkryk van die hemele maak. Dit sou so vanselfsprekend wees soos jou identiteitsdokument jou 'n vanselfsprekende burger van Suid-Afrika maak.
2. Die ander rede waarom die Koning van alle konings juis só deur die wêreld gegaan het, is, sodat jy en ek kan sê: My Koning is soos 'n broer vir my. Ek is arm, maar hierdie broer-koning van my was nog armer. Ek moet die sterwensnood binnegaan, maar hierdie broer van my het dit nog dieper ervaar. Ek voel my soms van God verlate, maar hierdie broer van my was op Golgota totaal, verskriklik en bitterlik deur God en mens verlaat. Hierdie broer van my het in my plek dit alles deurgemaak.

### **VERBORGE EN TOG VERKRYGBAAR.**

Die gewone man kan hierdie kosbare, verborge skat gaan soek. Waar moet jy gaan soek? Hierdie man het die verborge skat in die saailand gekry. In die saailand dáár waar hy maar elke dag gaan werk het. In die gewone roetine van elke dag daar vind hy sy skat. In die gewone lewe laat God sy koninkryk kom. Oral waar mense in die verdienste van Jesus Christus glo, daar kom God se koninkryk.

Jy hoef nie vir 'n naggestig of direkte openbaring van die Here te wag nie. Jy hoef nie op te klim in die hemel en die skat daar te gaan haal nie. Naby jou is die Woord, in jou hart en in jou mond. Bo alles is nodig die besef van die kosbaarheid van hierdie skat. Toe die man in

ons gelykenis op daardie skat afkom, het hy dadelik besef: Hier is 'n skat van onvergelykbare waarde.

Was daar al in jou lewe iets van die opgewondenheid van hierdie man toe hy sy skat ontdek? Hy kon nie wag om hierdie skat sy persoonlike besitting te maak nie.

Kyk wat gaan hierdie man doen ter wille van sy kosbare skat. Hy steek eers die skat weg - bang dat hy dit gaan verloor, of dat dit in die hande van iemand anders sal kom - en gaan verkoop alles wat hy het en koop daardie saailand. Die mense het gedink: Die man is mal. Hy verkoop letterlik alles wat hy het. Selfs dié dinge wat noodsaaklik is vir 'n mens se voortbestaan: Sy huis, sy klere, sy alles.

God en sy koninkryk kos prysgee van alle ander dinge. Jou eie ek, jou drifte en neiginge, jou aardse besittings word dan God se eiendom en jy moet sê: Here, hier is ek met alles wat ek is en het. Doen met my wat goed is in u oë.

Is dit 'n lewe van ontbering wat vir jou voorlê as jy tot die koninkryk van die hemele toetree, 'n lewe waarin jy al die "lekker" dinge moet ontbeer? Nee, dit is die karikatuur wat ons van die koninkryk van die hemele gaan maak het. Ons dink: Christen-wees beteken humorloos wees, suurgesig wees, stroef wees, swaarkry, 'n lewe van raak nie, smaak nie en roer nie aan nie.

Maar toe die man in Christus se gelykenis sy skat in die hande probeer kry, het hy dit nie al wenende, tandeknersende of stroef gedoen nie. Uit blydschap daarvoor gaan hy en verkoop alles wat hy het. Toe hy sy huis of klere of wat ookal vaarwel moes toeroep, het hy dit nie met trane in die oë agterna gekyk nie. Hy het geweet: Een ding is nodig - dan is ek skatryk: Hoe gouer ek hierdie skat ten volle kan bekom, hoe beter en hoe groter sal my blydschap wees.

In die geloof gaan dit dus nie in die eerste plek om prysgawe nie, maar wins. As ek sekere dinge in die proses verloor, maak dit nie saak nie. Die een ding wat ek wen, is meer as alles werd. Die lewe met Christus is juis nie 'n lewe van ontberinge nie, maar 'n skatryk lewe vol blydschap en vrede: 'n Lewe waarin jy saam met die lelies van die veld en die voëls van die hemel eet en drink, lag en werk uit God die Vader se hand, want as Christus jou broer geword het, het julle dieselfde Vader in die hemel.

Ek vra weer: Wanneer is 'n mens ryk? Wanneer jy die skat van die koninkryk van die hemele in jou hart het. Dan is jy skatryk - geen mot of roes kan jou rykdom verniel nie. Geen dief kan dit van jou steel nie. Dan het jy vrede - jou oog word kalm en jou asemhaling egalig en die angs en kommer is uit jou lewe weg.

Jy het nog dieselfde dinge as ander mense nodig: 'n Huis, kos en klere, maar alles word nou genadegawes wat jou deel word in die koninkryk van God. Jy sien alles met ander oë: Die natuur hoe anders lyk die sonsopgang, die bome, die blomme, die lewe nie! Jou naaste - hoe anders lyk die mens nou nie met wie jy vroeër so gesukkel het om mee oor die weg te kom nie.

Is jy ryk? Indien nie, die Here roep in Openbaring 3:18: "Ek raai jou aan om van my te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word."

*Ds. Thinus du Plessis.*

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520. Tel. 23831.